# Hillcrest High School

Graad 12

# AFRIKAANS EAT V2

JUNIE 2024

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Me. S. Schoeman

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. **Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling:**

   **AFDELING A: Drama**

3. **Beantwoord AL die vrae oor die drama, *Paljas*, wat julle bestudeer het.**

4. **Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

***STERKTE!!***

## AFDELING A: DRAMA

## VRAAG 1: PALJAS (Chris Barnard)

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

### TEKS A

22. Katrien en Emma in Katrien se slaapkamer voor die spieëlkas. Emma sit vir haar ma in die spieël en kyk en Katrien is besig om Emma se hare te vleg.

EMMA: Ma stry verniet.
KATRIEN: Wat?
EMMA: Ek het oë in my kop. Ma loop met goed rond waaroor Ma nie praat nie.
KATRIEN *(vinnig)* : Ag. Ons almal seker maar.
EMMA: As Ma kon oor kies, sou Ma weer trou?
KATRIEN *(verbaas)* : Hoekom vra jy dit?
EMMA: Oor ek wil weet.
KATRIEN: Ek het nog nooit daaroor gedink nie. *(‘n Gespanne laggie.)* Kragtie, Emma, watse praatjies is dit?
EMMA: Ek gaan nooit trou nie.
KATRIEN: Hoekom nie? *(Emma antwoord nie.)* Emma? *(Emma sit net voor haar en kyk, sonder om iets in die spieël raak te sien.)* Jy’s nog so jonk, my kind. Jy’s heeltemal te jonk en te mooi om nou al te moet bang wees.
EMMA: Ma was ook jonk. Ma was ook mooi. *(Ná ‘n ruk.)* Ma is nog mooi. *(Ná nog ‘n ruk.)* Ek hou niks van oom Frans nie.

Katrien kyk op. Hulle oë ontmoet in die spieël. Hulle kyk ‘n hele rukkie vir mekaar.

KATRIEN: Hy is baie goed vir ons.
EMMA: Pa hou ook nie van hom nie.

Katrien begin weer vleg.

1.1 Hierdie gesin woon in ‘n afgeleë deel van ons land.

1.1.1 Waar woon hierdie gesin? (1)

1.1.2 Beskryf die landskap waar hulle woon. (1)

1.2 Die McDonalds het ‘n probleem in hulle huis.

1.2.1 Kies die KORREKTE antwoord en skryf dit dan neer.

Die gesin is geaffekteer deur ‘n (gebrek aan liefde/gebrek aan kommunikasie). (1)

1.2.2 Na aanleiding van jou antwoord in vraag 1.2.1, hoe reageer die volgende mense op hierdie probleem?

a) Emma

b) Willem (2)

1.3 Emma praat van “oom Frans”.

1.3.1 Wie is “oom Frans”? (1)

1.3.2 Dink jy “oom Frans” het suiwere motiewe wanneer dit by Katrien kom? Verduidelik waarom jy só sê. (1)

1.4 Emma sê: “Ek gaan nooit trou nie.”

Om watter rede voel Emma dat sy nooit wil trou nie? (1)

1.5 Die volgende stelling is ONWAAR. Verduidelik waarom.

Nollie is Hendrik se werksvriend en kuier gereeld vir Hendrik. (1)

1.6 Die oomblik toe die sirkustrein daar aangekom het, het die storie momentum begin kry. Wat noem ons hierdie oomblik toe alles aan die gang kom? (1)

1.7 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 1.7.1 F.

Hendrik was baie ontsteld daaroor dat die sirkustrein op sy stasie gestop het, want ...

A. Hy was bang vir die diere.
B. Hy was bang hulle sal Katrien saam met hulle neem.
C. Hy was kwaad omdat hy nie in kennis gestel is dat hulle kom nie.
D. Hy was kwaad omdat hulle nou sy verantwoordelikheid was. (1)

1.8 Die volgende sin is ‘n FEIT. Bewys dit deur te verduidelik waarom.

Hendrik het sy werk baie ernstig opgeneem. (1)

1.9 Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte woorde uit die woordblok te kies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| McLaren | Oudshoorn | Boswell | Uniondale | akrobaat | nar |

Die 1.9.1 ___-sirkustrein was veronderstel om by 1.9.2 ___ te wees. Manuel is die 1.9.3 ___ van die sirkus. (3)

1.10 Verduidelik waarom Willem so maklik met Manuel kon kommunikeer, maar sy pa het hom altyd angstig gemaak. Onthou om albei die mans te noem. (2)

[17]

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS B**

*...Hendrik kom leun op sy vensterbank en loer deur die venster na Katrien.)* En waar kry jy daardie goed?
KATRIEN: Gekoop. *(Sy kyk vir Hendrik, 'n bietjie uitdagend.)* Met my eie geld.
HENDRIK: Jou eie geld. Wat jy waar kry?
KATRIEN: Spaargeld.
HENDRIK: Wat jy waar kry?
KATRIEN: Afknypgeld. Weglêhenne se eiergeld, as jy dan moet weet.
HENDRIK: Katrina, as ek 'n ekstra geldjie kry, sit ek dit in die huis in; ek koop nie vir myself oorbelle nie.
KATRIEN: O, jy koop nooit niks nie. Ook nie haelgeweerpartone nie?
HENDRIK: Om vir die pot te skiet!
KATRIEN: En die plate?
HENDRIK *(bars uit.)* : Hier sukkel ek my mallemaai af om 'n kar aan die loop te hou, maar jy koop oorbelle?
KATRIEN *(nou self kwaad.)* : 'n Kar! Watse kar? Noem jy dit 'n kar?
*(Die kind is besig om met sy drie klippe te goël. Die kar is op die agtergrond. En Hendrik regs. Terwyl die struweling vlam vat, klim Katrien links uit en klap haar deur toe.)* Jy kan nie 'n kar se wieldoppe bekostig nie, Hendrik McDonald!
HENDRIK: Katrina, oppas wat jy sê...
KATRIEN: Hoekom? *(Die kind vang 'n klip mis en die ander twee val ook tussen sy hande deur.)* Dis my oorbelle. Dis my geld. Dis my lewe. Jy't my lank genoeg gehiet en gebied. Ek het honderd rand daarvoor betaal en ek het vir my poeier op skuld gekoop en wat daarvan?
HENDRIK: *(onheilspellend sag.)* : Jy't wát?
KATRIEN: Ek is klaar gesukkel. Ek gaan van nou vir myself begin sorg.

1.11 Voltooi die paragraaf deur die korrekte woorde in te vul. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

Hendrik se 1.11.1 ___ het op pad huis toe gebreek. Hendrik het vir Willem na 1.11.2 ___ geneem om te sien wat fout is met hom. Ons vind uit dat Willem aan 1.11.3 ___ ly. Katrien het vir haarself 1.11.4 ___ gekoop. (4)

1.12 Wat was Willem besig om te doen terwyl Hendrik en Katrien baklei het? (1)

1.13 Die volgende stelling is WAAR. Verduidelik waarom.

Hendrik het gevoel dis onregverdig van Katrien om vir haarself iets te koop. (1)

1.14 Katrien het 'n bietjie later vir Hendrik gesê "'n Vrou is nie 'n kar nie..."

Wat het sy met hierdie woorde bedoel? Jy moet na vroue en karre verwys in jou antwoord. (2)

1.15 Wat was die gevolg daarvan dat Hendrik en Katrien so besig was om te baklei? (1)

1.16 Willem en Manuel was in die skuur bymekaar.

Pas die aksie in KOLOM B by die karakter in KOLOM A. Skryf net die letter (A-E) langs die vraag nommer (1.16.1-1.16.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.16.1 Willem | A. Besef Willem is nie tuis nie. |
| 1.16.2 Manuel | B. Probeer Willem opbeur. |
| 1.16.3 Hendrik | C. Kook die kos. |
| 1.16.4 Emma | D. Sit en huil. |
| | E. Laat kom die polisie. |

(4)

1.17 Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE. Skryf slegs die nommer en die letter neer.

Toe hulle Willem vind...

A. het hy op die stoep geslaap.
B. het Hendrik hom gedruk.
C. het Hendrik op Willem geskree.
D. het hy met verf op hulle gesigte geteken. (1)

1.18 Willem wou nie huis toe gaan nie.

Wat het Manuel gedreig om te doen as Willem nie huis toe gaan nie? (1)

1.19 Hoe weet ons Hendrik het op ‘n jong ouderdom ‘n kans gehad om suksesvol in sy loopbaan te wees? (1)

1.20 Later sê Hendrik: “Ek wou jou vir myself hê.”

1.20.1 Hoe het die bostaande woorde van Hendrik die hele gesin se lewens verander? (1)

1.20.2 Watter lelike eienskap van Hendrik kom in die bostaande woorde van Hendrik na vore? (1)

[18]

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS C**

HENDRIK: Die plek staan al lank leeg ... die boere hier rond het dit vroeër jare altyd gehuur om voer te stoor.

> Die flits se lig dans teen die mure rond en kom tot rus op 'n tekening teen die muur. Vetkryt. Helder bont. Iets wat lyk soos 'n groot joker-speelkaart. En langsaan groot, ingekleurde, bont sirkels en kruise en vierkante.

HENDRIK: Wat op aarde ...? *(Teen 'n ander muur is iets wat lyk soos 'n draak, of 'n hond wat vuur spoeg. En 'n nar se gesig, maar soos Picasso dit sou geteken het. En 'n reuseslang.)* Dié kind van my darem. Ek sê vir my vrou – ek wonder, is hy nie met die helm gebore nie? Hy sien goeters wat ons nie sien nie.

> Die kollig wip van die muur af na 'n deur wat op twee konkas lê.

SERSANT: Is jy seker dis als jou seun se goed?

> Op die deur, of tafelblad, lê 'n swart doek. Op die swart doek is iets wat lyk soos 'n paar leeutande, 'n bobbejaan se kopbeen, vetkryt, buisies goed, 'n appel.

HENDRIK: Ja, dis nou natuurlik sy toorgoed, sien.
SERSANT: Watse toorgoed?
HENDRIK: Hy't sommer so een aand aan die toor gegaan. *(Trots.)* Jy moet sien hoe toor hy goeters sommer so in sy hande in, en dan weer, woeps! Hier kom 'n eier uit sy mond uit. Vader weet waar leer hy dit.

1.21 Noem die ruimte waarin Hendrik en die polisie is. (1)

1.22 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Nadat die polisie die tekeninge gesien het, het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat die McDonalds besig is met (speletjies/satanisme). (1)

1.23 Hoe het Hendrik die bogenoemde stelling vir die polisie en dorpsmense bevestig? (1)

1.24 Hierna het dinge vir die McDonalds verander.

1.24.1 Verduidelik hoe die dorpsmense die McDonalds hierna behandel het. (1)

1.24.2 Watter tema kom dus in hierdie deel voor? (1)

1.25 Wie het die McDonalds by hulle huis besoek om hulle teen Satan te waarsku? (1)

1.26 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer (1.26) en die letter (A-D) neer.

Hierdie persoon in (1.25) staan bekend as die ... in die drama.

A. protagonis
B. antagonis
C. tritagonis
D. antichris (1)

1.27 Was dit regverdig dat hierdie persoon in 1.25, asook die dorpsmense die McDonalds so oordeel? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.28 As gevolg van die besoek van die persoon in 1.25, het die volgende drie dinge gebeur. **Kies** die **drie** korrekte dinge uit die lys hieronder en skryf dit neer.

- Manuel het weggegaan.
- Manuel het kerk toe gegaan.
- Jan Mol het Manuel doodgeskiet.
- Jan Mol het Manuel gewond.
- Die McDonalds het die nar gehelp.
- Die McDonalds het weggetrek. (3)

1.29 Hoekom was Jan Mol glad nie bang toe hy Manuel geskiet het nie? (1)

1.30 Voltooi die paragraaf deur die korrekte woorde in te vul. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Ons weet Hendrik het nie geweet wie Manuel was nie, want hy het vir 1.30.1 ___ gevra wie dit is. Hendrik het by hierdie persoon uitgevind Manuel het met die 1.30.2 ___-trein daar aangekom. Hierdie persoon het ook vir Manuel 1.30.3 ___ aangedra en gesê hy voer die 1.30.4 ___. (4)

1.31 Hoekom het Manuel besluit om terug te gaan sirkus toe? (1)

[17]

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS D**

Sy draai om na hom toe en sit die mandjie voor hom op die hoek van die tafel neer. Net die hoek van die tafel is tussen hulle. Haar hand is nog op die mandjie se hingsel. Frans sit sy hand op hare neer.

FRANS: Katrien, ek – ek weet nie hoe om dit te sê nie, ek – ek bly hier weg oor ek ... *(Sy woorde droog op.)*
KATRIEN: Oor al die stories.
FRANS: Nee.
KATRIEN: Ek hoor hulle het al glads aan jou ook geslaan.
FRANS*(Vee oor sy gesig)*: Ja, ek ... *(Hy kyk na sy hand asof hy verwag het iets sal daaraan afkom.)* Ek ... Katrien, ek – *(Hy probeer sy arms om haar sit.)*

Katrien gee 'n tree terug.

KATRIEN: Nee, Frans. Liewer nie.
FRANS: Jy het laas.
KATRIEN: Liewer nie, Frans.
FRANS: Ek kan nie meer sonder jou nie, Katrien.
KATRIEN: Frans – Willempie praat weer.
FRANS: Ek weet.

Hy staan vir 'n hele ruk vir haar en kyk. Dan sit hy sy hand op die mandjie neer.

KATRIEN *(sit haar hand op syne)*: Hy prááť.
FRANS: Ek is bly, Katrien. *(Hy soen haar liggies op haar hare.)* Ek ... *(Hy loop sonder die mandjie.)*
KATRIEN: Frans. *(Hy draai om. Miskien verwag hy sy het van plan verander. Maar sy hou die mandjie na hom toe uit.)* Jou mandjie.

1.32 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Die geval waar Frans op Katrien verlief is, en Katrien en Hendrik se huwelik bedreig, word 'n (liefdesteleurstelling/liefdesdriehoek) genoem. (1)

1.33 Waarom het Katrien aan die begin van die drama nie vir Frans ontmoedig nie? (1)

1.34 Frans sê: "Jy het laas."

Wat het nou verander dat Katrien nie Frans se toenadering wil hê nie? Noem TWEE redes. (2)

1.35 Hierna het Hendrik gedink hy betrap vir Frans en Katrien.

Wat dink jy was hy van plan om met Frans te doen as dit so was? (1)

1.36 Skryf die volgende sinne oor in die chronologiese volgorde waarin dit in die drama gebeur het.

- Nollie en Emma soen mekaar.
- Die gesin maak gereed om na die Volstruisdans te gaan.
- Manuel gaan terug sirkus toe.
- Hendrik komplimenteer vir Katrien en Emma. (4)

1.37 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer (1.37) en die letter (A-D) neer.

Die Volstruisdans het ontstaan, want die ... van die volstruisboere is gevier.

A. sukses
B. vere
C. oeste
D. musiek (1)

1.38 Baie dinge het gebeur tot die aanloop van die Volstruisdans.

Pas die beskrywing in KOLOM B by die aanhalings in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.38.1-1.38.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.38.1 "Hoeveel is jou handdoek vir jou werd?" | A. Sy voel haar rok wys te veel. |
| 1.38.2 "Al wat ek weet is: hierdie hingsel gaan wragtig nie weer breek nie." | B. Emma gaan saam met Nollie Volstruisdans toe. |
| 1.38.3 "Ag Hendrik, jy's stuitig." | C. Hendrik is handig met sy hande. |
| 1.38.4 "Jong, lyk ek nie bietjie soos 'n tert nie?" | D. Hy speel die klavier vir haar. |
| | E. Gedigte word aan haar voorgedra. |

(4)

1.39 Stem jy saam met die volgende stelling? Verduidelik jou antwoord.

Die McDonalds het nie die slegte behandeling wat hulle by die Volstruisdans gekry het, verwag nie. (1)

1.40 Noem twee items waarmee die McDonalds by die dans gegooi is. (2)

1.41 Aan die einde gaan sit Willem op die windpomp. Waarvan is die windpomp 'n simbool? (1)

[18]

**TOTAAL: 70 PUNTE**